



Sesde uitgawe  
2016

# Koeda

## Pretoria Bonsai Kai

### • Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley  
082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As  
074 601 1847
- Tesourier - Daan du Toit  
012 567 2520
- Sekretaesse – Mariaan Erwee  
083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak  
083 388 4736
- Addisionele lede :  
Duvan Horn  
Martin Kruger  
Johan Els  
Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

### In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Briewe bus / Vra is vry	2
Terugvoering demonstrasie	5
Kremetart dag	6
Vergadering 5 November	9
Feetjie wêreld	17
Vergadering 3 Desember	23
Kalender	24
Snippets	25

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

## Van die redakteur.

### Beste Bonsai Vriende

Die jaar is verby.....  
Dit voel soos 'n maand gelede toe ek julle verlede jaar 'n geseende kersfees toegewens het.

Die hartseer, vir my, is dat ons baie keer die tyd omwens. Ons wens die weke om sodat dit tog net naweek kan wees. Ons wens die kwartale om sodat dit tog net vakansie kan wees. Ons wens die jaar om sodat dit tog net weer kersfees kan wees.....

Ons leef in 'n tyd waar ons geweldig besig is en dit maak ons moeg. En ons kom dikwels nie uit by dit wat ons graag wil doen nie.

Soos net rustig sit en lees, of musiek leester, of bonsai doen....

Ek wou hierdie uitgawe al twee of drie weke gelede uitgee maar ek het net nie daarby uitgekom nie want ek moes jaag om ander dinge (soos werksverpligtinge) klaar te kry.

Ek hoop meeste van julle is darem hierdie tyd bietjie klaar met die gejaag en dat julle rustige tyd vir juiself en jul familie het.

Geseende kersfees!

Jaco

***If I had to make up some rules for cultivating  
bonsai, the first would be.....  
ALWAYS PUT THE HEALTH OF THE TREE FIRST!  
The second rule would be....  
ALWAYS PUT THE HEALTH OF THE TREE FIRST!  
The third rule would be....  
TAKE YOUR TIME. IT'S THE FASTEST WAY TO  
ACHIEVE YOUR GOAL.***

Graham Potter

## Briewe Bus / Vra is Vry

Hi Jaco

At our meeting at the Rocking Horse Nursery, Bela-Bela, on Saturday 15 October 2016, there was a discussion about "baobabs" coming from the Americas. None of us could give an authoritative answer. I looked up a few references in books, and this is what I learned:

There is a large family called Bombaceaea ( yes, really!) that has 21 genera and 150 species, so that's a lot of relatives! It includes balsa wood trees, the formidable Durian and our baobabs in the genus *Adansonia*. The other ones of interest to us are the following:

1. *Bombax* species. Referred to as Silk Cotton Trees. Originate in tropical Asia, South America and Africa. The cotton may be used as a substitute for kapok (stuffing for cushions etc).

*B. ellipticum*, known as the Shaving Brush Tree, presumably because of the shape of its flower.

*B. malabaricum*, known as the Red Cotton Tree, maybe from Malabar in the East Indies?

Described as tall (>35 metres) with a thick, buttressed trunk, digitate leaves, and sometimes spikes or spines on the trunk.

2. *Ceiba* species. Known as the Kapok Tree. They are found in both hemispheres but are strictly tropical. This tree had great commercial value before artificial substitutes were developed. Example given is

*C. pentandra*, a giant of over 50 metres, straight and up to 3 metres in diameter. It has thinner buttresses and pinnate leaves, and sometimes a spiny trunk.

However, a confuser found all over Pretoria is in a different family, the Malvaceae!

3. *Chorisia*, given the name of Floss Silk Tree, indigenous to South America. They have two peculiarities, that they cannot be grown from seed unless these come from their country of origin, and can't be grown from cuttings. Furthermore, the flowers on different trees are never exactly alike. These two are listed, both have are tall up to 15 metres, diameter up to 2 metres. Both are frost-tolerant.

*C. speciosa* (meaning beautiful) from Brazil. Trunk extremely thorny, very variable flowers, mainly pink to red and Hibiscus-like, common in Pretoria.

*C. insignis* from Peru, similar but with white to yellow flowers.

Floss, silk, cotton, kapok - no wonder there's confusion, and there are overlaps. Hoping I haven't added to the confusion

Gareth Bath



## Briewe Bus / Vra is Vry

Hier is van die bome wat prof Gareth op die vorige bladsy noem:



Bo: *Bombax malabaricum* (Red Cotton Tree)



Bo: *Ceiba pentandra*

Links: *Chorisia speciosa*

Links onder: *Chorisia insignis*

Onder: *Bombax ellipticum*



**Briewe Bus / Vra is Vry**


Jaco,

Oppad na PE vir die Koega 'dig' het ek 'n foto van 'n boom wat ons langs die pad gesien het afgeneem.

As jy mooi kyk lyk die boom soos die Afrika kaart.

Groete

Duvan



Ek het my Natal vy ontblaar (foto's onder voor en na ontblaring). Hy is 55cm hoog en 60cm wyd. Toe ek begin met die ontblaring wonder ek hoeveel blare aan so 'n boompie is. Ek besluit toe om te tel. Ek sny tien blare op 'n slag af en maak 'n merkie op 'n papier. Toe ek die hele boom ontblaar het tel ek hoeveel merkies ek gemaak het (maal dit natuurlik met tien) plus die paar blaartjies wat nie 'n volle tien opgemaak het nie. En daar was.....blare aan die boom. Raai bietjie. Hoeveel dink jy?

Kyk heel onder op bl 25 vir die antwoord.



## TERUGVOERING OOR DEMONSTRASIE / WERKSWINKELBOME

By die vergadering van 7 Augustus 2010 het Org Exley gepraat oor Elms. As deel van sy praatjie het Org aan die vergadering 'n Elm gewys waarop hy die 'air layer' tegniek toegepas het. Org het die boom toe afgesny waar die 'air layer' was en in 'n bonsai bak geplant. Die onderste foto links is van die boom met die plastiek bak waarin die wortels van die 'air layer' gegroei het. Die foto onder regs is nadat Org die boom afgesny het en in die bonsai bak geplant het. Die fotos is in uitgawe vier 2010 van Koeda gewys. Heel onder links is hoe die boom na 'n jaar en drie maande gelyk het, en heel onder regs is die boom afgeneem by die skou op 25 September 2016, dus ses jaar na die 'air layer' gedoen is.



Bo: 7 Augustus 2010



Bo: 7 Augustus 2010



Bo: November 2011



Bo: 25 September 2016

## KREMETART DAG—WATERBERG BONSAI KLUB



Op 25 Oktober het die Waterberg klub 'n Kremetart (Baobab) dag gehou by die “Rocking Horse nursery” buite Bela-Bela, en heelwat mense het dit bygewoon. Wat 'n heerlike en leersame dag was dit nie. Daar was soveel informasie en raad gegee dat dit onmoontlik is om alles hier weer te gee. Daar is heelwat mense (soos ek) wat weer van voor af inspireer is om te poog om 'n paar mooi Kremetarte in hul versameling te hê. Op die einde van die dag was almal dit eens dat die Kremetart uiters geskik is vir bonsai, en as 'n paar basiese aspekte gevolg word is hy ook nie moeilike material om mee te werk nie.


Daar was 'n ‘uistalling’ van 'n paar verskillende tiepe sade van Kremetarte. Johan en Berrie Ras het aan mense verduidelik wat hulle doen om sade te laat ontkiem. Hulle sê dat hulle die saad in die grond ‘plant’ en dan kookwater bo-oor die hele oppervlak gooi. Die kookwater versag die plekkie waar die saad moet ontkiem. Nadat die boompie begin groei het los hulle hom vir ten minste 'n jaar voordat hulle uitplant word na die grond of 'n groter houër.



Regs bo: Van die verskillende sade.

Regs: Ian Pringle wys ook van die sade.

Links: Berrie Ras (links op die foto) verduidelik wat sy doen om sade te laat ontkiem.



## KREMETART DAG—WATERBERG BONSAI KLUB

Daar was ook 'n bespreking oor hoe om Kremetart van stiggies te groei. Een persoon (ek dink sy naam is Johan Nel) het gese dat hy die punt van die stiggie eers in onverdunde heuning druk en dan in die groeimedium plaas. Hy gebruik 'n 3 x 2 x 1 mengsel. 3 sand, 2 kompos, 1 grond. Ian Pringle het genoem dat hy die punte van die stiggies ook met blomswael 'stof'. Hy het gewys hoe hy die blomswael in 'n sykous hou en druk dan net so op die punt. Jy kan ook die stiggie in water plaas (die punt) totdat hy begin worteltjies maak en dan in 'n groeimedium plaas. Na die stiggies in die groeimedium geplaas is mag dit glad nie beweeg nie. Daar was ook die gevoel dat stiggies beter vat as dit met 'groeïende maan' gedoen word.

Ian Pringle het toe demonstreer hoe hy takke aan 'n stam 'graft' (in-ent). Hy gebruik 'n boorpunt so dik soos die tak wat hy wil 'graft' en boor dan 'n gat in die stam, op die plek en teen die hoek waar hy die tak wil hê. (Ian het genoem dat hy die boorpunte met Dettol behandel om seker te maak dat daar nie kieme aan is nie). Hy krap dan die bas van die tak liggies af sodat die 'cambium' van die tak in aanraking is met die 'cambium' van die stam. Die tak word dan in die gat gedruk wat in die stam geboor is. Hy moet lekker stewig sit. Dan seel Ian hom met die algemene groen 'sealer' wat ons gebruik. Ian sê dat hy omtrent 100% sukses het dat die takke groei.



Regs en middel: Ian demonsteer die inenting van 'n tak.

Bo: Al die takke op hierdie boom het Ian met sy inenting metode 'geplaas'.

Mack Boshoff (regs op die foto) het toe gepraat oor die 'ideale' groeimengsel vir Kremetart. Hy het die gehoor gevra wat hulle gebruik, en daar was 'n hele paar 'ideale mengsels'. Mack het toe so klompie bespreek. Die gruis (klip/sand) wat gebruik word wissel byvoorbeeld van 1mm tot 8mm. Op die einde van die dag is saamgestem dat Kremetart 'n groeimengsel moet hê wat baie goed dreineer en geen klei moet bevat nie. Die belangrikste ding vir groei (ook vir ander soorte bome) is suurstof en moet die groeimengsel van so aard wees dat daar lugbeweging is sodat vars suurstof gedurig in die mengsel getrek kan word.



## KREMETART DAG—WATERBERG BONSAI KLUB

Hennie Smit van Tzaneen het gepraat oor oorplant van Kremetart. Hy se dat waar hy woon is dit ideaal om in die winter oor te plant. Hy het gewys dat hy die ‘patats’ wat Kremetarte vorm afsny en dan vir ’n tyd (tot ses weke partykeer) eers laat lê om droog te word, voordat hy weer plant. Hy seël nie die onderkant wat gesny is nie en glo dat om te seël juis die boom kan laat vrek. Hy seel ook nie die plekke as hy takke afsny nie en hy los ’n kort stukkie van die tak wat dan later self droog word. Hennie het ook demonstreer hoe hy ’n boom styl.



Costa Jackson (left) explained that he water his large trees only from the bottom. The roots are then encouraged to grow down.



Mack Boshoff het hierdie boom, onder links, hard gesnoei (met redelik teenstand van van die mense) na regs onder. Ons hoop om in die toekoms te kan sien hoe die boom reageer het.





## Vergadering van 5 November 2016



## Vergadering van 5 November 2016



Al die boompies onder is *Ficus burtt-davyi* wat lede na die vergadering geneem het as voorbeelde van die spesie.



## Vergadering van 5 November 2016

### “Tip of the month” - deur Esther van Aarde

Esther sê dat jy somtyds ’n boompie in ’n sakkie het wat jy wil oorplant na ’n groter groeibak. Sommige bome hou glad nie daarvan dat hulle wortels versteur word nie of dalk is die boompie nog nie so lank in die sakkie nie en wil jy ook nie sy wortels versteur nie. Hoe nou gemaak om hom oor te plant en die risiko te loop dat jy sy wortels sal versteur. Esther se raad (‘tip’) is as volg:

1. Neem ’n blikkie (of ander houër) wat dieselfde grootte is as die sakkie waarin jou plant is en sny albei kante van die blikkie oop. Plaas dan hierdie blikkie binne in jou groter houër waarna jy wil oorplant. Die grond is rondom jou blikkie en jou blikkie is leeg. Foto regs.

2. Sny nou die onderkant van jou sakkie oop.



3. Plaas dan jou plantjie met die sakkie binne in die blikkie.

4. Nou trek jy die sakkie versigtig af.

5. Laastens lig jy nou die blikkie uit en siedaar, jou plantjie is in die nuwe bak met minimale versteuring van die wortels. Druk die grond versigtig stewig vas.



## Vergadering van 5 November 2016

Die tema van die vergadering was die *Ficus burtt-davyi* as bonsai en is aangebied deur Jaco. Daar is dmv 'n 'Power point presentation' 'n klomp goed oor die boom gewys maar die vergadering was hoofsaaklik so hanteer dat daar bespreking deur lede, en hulle ondervinding met die boom, plaasgevind het. Ek het as hoof tema genoem dat die spesie ideaal is vir beginners omdat hy eerstens baie maklik is en tweedens baie vinnig ontwikkel en jy binne 'n relatief kort tyd al 'n boompie kan he wat na 'n bonsai lyk.

# Ficus burtt-davyi

Kaliforniese vy ?

Californian fig ?

My eerste Burt-davyi het ek by 'n man in Windhoek, Bertus de Bruyn gekry het. Bertus het altyd gepraat van Kaliforniese vytyes. In Pretoria Kai het ek ook al dikwels gehoor dat lede van Kaliforniese vytyes praat. In my voorbereiding vir die vergadering kon ek egter nêrens iets raakloop dat daar so iets bestaan nie. Ek glo dat almal wat dink hulle het Kaliforniese vye, eintlik *Ficus burtt-davyi* het.

**Ficus burtt-davyi**

Algemene name:

Afrikaans

- Rankvy
- Veldvy
- Hotnotsvy

Engels

- Veld fig
- Scrambling fig
  
- Vernoem na Dr Joseph Burt Davy wat die eerste staats herbarium in Pretoria in die vroeë 1900's gestig het

## Vergadering van 5 November 2016

*Ficus burtt-davyi* is described as a shrub or small strangling tree on rocky outcrops, in grassland, woodland and mostly common in coastal bush areas. It can grow to 5m height. It often has a short multi stem, with smooth, silvery to brown-grey bark, exuding a milky latex when cut, branches sometimes bearing aerial roots.

Leaves are thinly leathery, glossy above, hairless on both surfaces.

Fruit borne singly or in pairs on the twigs of the previous years growth,  $\pm 12$  mm diam, smooth with a few small warts. Green ripening to yellowish.

It tolerates strong sea breezes and makes good subjects for coastal gardens.

### Distribution

Coastal areas from Maputo in Mozambique to Mossel Bay in the Cape.



Kom ook voor in die Piet Retief area in Mpumalanga.

## Vergadering van 5 November 2016



In sy boek “Bonsai in South Africa” se Rudi Adam dat die boom besig is om in die Kaap te versprei en dat daar al vyf sub-species ontwikkel het, nl:

- A lanceolate, wavy-leaved variation with light brown bark. Figs are red-blush close to the apex. Mostly found in the Port Elizabeth area.
- A Lanceolate, straight-leaved variation with light grey bark. A small tree with upright growing habit, commonly found in the Eastern and Western Cape. Figs are green.
- A roundish leaved variation which grows as a small rock-hugging tree. It has an extensive trailing root system. The trunk seldom increases more than ten centimetres in dia and has light grey bark. Figs are green.
- A variation with leaves which narrow at the margin and broaden towards the apex with a pointed tip. The bark is reddish when young, Greying and roughening with age. Reddish figs on the upper half of the tree.
- A variation with small to minute sized leaves. The trunk is very knobbly and has roots which trail only a short distance. Often found between boulders or on very rocky ground. Figs are reddish blush.

### Nana??

Ek het op baie bonsai web-werwe, forums ens raakgeloop dat gepraat word van die burttdavyi **Nana**. In ons kai is dit ook algemeen. Ek kon egter in geen boek oor bome, of web werwe oor bome of enige ander bron iets kry dat daar iets bestaan soos burttdavyi ‘**nana**’ nie.

Ek wonder of die **Nana** deel nie deur bonsai mense geskep is omdat die blaartjies so verskriklik verklein nie???

## Vergadering van 5 November 2016

### Ficus burtt-davyi as bonsai

**Roots:** Roots are very fleshy and carrot-like. Some sources say they develop well as rock plantings. I have found that my trees have very view roots and does not 'cling' onto rocks like other figs or Maples. They make areal roots in humid conditions.

**Growing medium:** Nearly any but a general medium for Ficus and other trees will do. Not really fussy.

**Where to keep:** One of the few species that can be kept indoors but still prefer to be outdoors. Enjoys semi-shade to full sun. The more sun/light the smaller the leaves will be. NB is not frost hardy!

**Transplanting:** Late summer or when the possibility of frost is over. How often?

**Trunk and branches:** Trunk normally pale with nodules which contributes to the apparent age of the tree. Young branches are normally smooth. Cuts heal well.

**Leaves:** Vary from sub-specie to sub-specie. Normally glossy green in color. The specie "Nana" reduces dramatically. Other species less so.

**Wiring:** Be careful with wire cutting into bark. Bark is very soft.

**Fruit:** Fruit scale in size with the size of the bonsai???? Fruit can appear up to twice a year on young trees. They form among the leaves. They are green, mottled with white, spots, turning yellowish as they ripen.

**Propagation:** Unless you live in an area where the specific fig wasp is that pollinates the fruit you cannot grow from seed. Propagation is by means of cuttings. They should be retained in a rooting medium for a season before being planted into a coarse medium.

**Pruning and trimming:** Heavy pruning for styling every three to four years. Constant nipping back will force fine ramification and small leaves. Readily grow back on old wood. Need to cut growth that appears inside the tree on stems and branches.

**Styles:** Any, except maybe cascade.

**Insects:** Scale, caterpillars, snails and slugs. DO NOT use systemic insecticide as leave drop may occur.

**Watering and feeding:** always moist. Never waterlogged. Roots may rot especially in winter. Any general fertilizer, preferably low in nitrogen.

## Vergadering van 5 November 2016

Daar is toe 'n klompie bome gewys asook hoe hulle gelyk het toe daar begin is om hulle as bonsai te styl. Slegs drie voorbeelde word hier gewys.



Bo: Hiedie is een van die “lanceolate” soorte. Die foto links is geneem op 16 Oktober 2008.




Bo: Hierdie boompie is begin in Februarie 2008.  
Onder: Met hierdie boompie is begin in September 2012.





## Feëttjiewêreld – deur Dr Pieter Loubser.

Miskien is dit omdat ons as mense dink dat jy teen die einde van 'n jaar moet terugdink oor wat verby is. En hopelik iets wen deur jou gedagtes, herinneringe. Ek het vandag vir tien uur gewerk sonder onderbreking. Ek het werk huistoe geneem en sal eers teen vanaand nege-uur klaar wees. Veertien uur na ek begin het vanoggend. Intussen het die weer opgesteek en blits en donder dit om my huis en dit giet (30 November). En ek werk aan hierdie skrywe. Ek is diep dankbaar vir die reën. En ek dink terug. Ek neem afskeid van 'n jaar. Het ook afskeid geneem van mense. Soek ek troos of net toegeneentheid?



En dan tree die feëttjiewêreld in.



Hierbo is vyf (net vyf) moerassipresse en tog kan ek 'n feëttjiewêreld daarin aanvoel, die een in die nag en die ander in die dag. Dalk dieselfde bome met loof aan, word regs gewys. Die bome se posisie het verander. Dalk een boom met 'n ander verruil. Die bome is dalk ouer, of dalk jonger. Die houër is anders. Die agtergrond en beligting ook. En skielik is dit nie meer so sprokiesagtig nie en sien jy skete aan die bome. Dis jammer. En tog!

Moet bonsai ons nie nooi na 'n sprokieswêreld nie? Die enkele bonsai, groepe, verskillende style (en met style probeer ek net sê dat jy met miniatuurbome wil gestalte gee). Hoort sprokiestonele net hier en daar? Gooi dit dan formele bonsai by die venster uit? Is dit net 'n ontsnapvenster? Of, hoera, ek het 'n plek waar ek kan ontlaai, aflaa.

Vervolg op bl 18

## Feetjiewêreld – deur Dr Pieter Loubser.



Is bonsai nie ‘n speletjie nie, ‘n uitleef van die verbeelding, feëtjies tussen die bome. Daardie wesens leef in uitgeholde boomstamme, in woude, in jou tuin, in enige boom, in grasse, struik - en jou fantasie. Ek luister tans na Leonard Cohen se nuutste (You Want It Darker). Hy vra/sê “*We kill the flame*”. Diep vraag! Moet ons nie die vlammetjie van verbeelding aan die brand hou nie? Ons kan nie ons lewens aan die brand hou nie. Leonard het geweet hy staan einde se kant toe. Feëtjieswêreld. Hy sing : “*I am ready my Lord*”.

Albert Einstein sê: ”*Ek is genoeg van ‘n kunstenaar om vrylik te leen by my verbeelding. Verbeelding is belangriker as kennis. Kennis is beperk. Verbeelding omhels die hele wêreld*” en ook “*Logika kry jou van A tot Z; verbeelding neem jou na orals*”. Feëtjiewêreld.

Nouja. Ek het eers onlangs gedink om landskapbonsai te doen. Sogenaamde *Sakei*. Ek het twee kleintjies sowat ‘n jaar gelede aanmekaargesit.



Ek het gesukkel met beligting, maar julle sal tog sien wat ek probeer aanmekaarsit het. Links s’n klein kloof tussen klippe met drie *Zelkova*s op die rand. Hulle ontwikkel tans mooi. Regs ‘n randtjie klippe en drie *Zelkova*s wat ‘n slaggie oor die rand van die houer strek. Dis gewoonlik andersom met die strek oor die houer. Die klippe is fantastiese materiaal en kan eintlik op hul eie paradeer word. Ek sal hierdie twee later na BRAT toe neem as ek dink die bome gevestig is.

Vervolg op bl 19

## Feetjiewêreld – deur Dr Pieter Loubser.

Dit is nogal ‘n lekker speletjie. En toe dink ek daaraan om dit op leiklip te doen.



Hierbo ‘n skuinstetjie. Drie aalwyne as aksente. Ongelukkig het hulle lang blomstele gestoot om tydelik die verhouding te belemmer. Hieronder ‘n sloepie met bome wat hang oor die water. Jammer vir swak beligting.



Ongelukkig is daar bitter min kleiner plante beskikbaar waar ek woon (aksente en byvoegings) om die toneel mee te bou. Klein aalwyntjies met blomme en beestonge? Maar ek het probeer!

Dit het my weer onder die indruk gebring van waarom ek bonsai doen. Dis lekker! Dis ‘n spel! Ek kan feëtjies uitnooi om deel te neem. Nouja: “Dis baie moeilik om te veel te weet aangaande feë en omtrent die enigste seker saak is dat daar feëtjies is waar daar kinders is” volgens JM Barrie. En LM Montgomery sê “Vanselfsprekend het ek geweet dat daar nie feëtjies is nie; maar dit kan my nie verhinder om te dink dat daar is nie”.

En dan help dit ons om, minstens tydelik, te ontsnap na daardie fantasie soos Lewis Carroll in **Alice in Wonderland** sê dat “verbeelding die enigste wapen teen die realiteit is”. Gesiggies met hoedjies hieronder.

Vervolg op bl 20

## Feetjiewêreld – deur Dr Pieter Loubser.



Lucy Aisy beweert dat “die lewe nie ‘n feëverhaal is nie, maar dat ons dit soos een kan maak”.



Ek weet nie wie se skepping hierdie is nie, maar daar woon feëttjies. Dit weet ek!

En dan is daar stoute feë! Hierdie ouens het die bome gebuig. Waarlik?



Vervolg op bl 21

## Feetjiewêreld – deur Dr Pieter Loubser.

Marie Curie (X-strale se briljante dame) sê dat ” ‘n wetenskaplike in sy/haar laboratorium nie ‘n blote tegnikus is nie: Hy/sy is ook ‘n kind gekonfronteer met natuurlike verskynsels wat hom/haar so beïndruk soos feëverhale”. En Lawrence M Krauss beaam met “ die heelal het ‘n veel groter verbeelding as wat mense het en daarom is die ware storie van die heelal veel interessanter as enige feëverhale wat ons kon uitdink om dit mee te beskryf” .



Sien jy ook die vee/feë? In die middel of aan die kante? Of vlieg hulle tussen takke?



En Albert Einstein raak dalk vervelig, maar nie minder toepaslik wanneer hy sê “indien jy wil hê dat jou kinders intelligent moet wees, lees vir hulle feëverhale. Indien jy hulle nog intellegenter wil hê, lees vir hulle nog feëverhale” .

Maar dis end van ‘n jaar en ons dink terug en onthou die goeie en die slegte, terwyl ons beseft dat ons nie terug kan gaan nie, maar dat ons môre moet leef en die beste daarvan moet maak.

Verskoon asseblief die lughartigheid in die skrywe en verstaan dat daar ook ‘n hartseer in skuil.

Vervolg op bl 22

## Feetjiewêreld – deur Dr Pieter Loubser.



*“My oupa was slim en het baie trots gehad. Hy het nie baie gepraat nie, maar jy kon sien dat hy diep gedink het – soos ‘n stille aanvaarding van hoe die lewe verloop.” – Frank Ocean*

Maar soms, meer kere, ” is *Oupas daar vir liefhê en om dinge reg te maak*”. Onbekende outeur.

Ek weet dat daar hondemense en kattemense is. Ek is nie teen honde nie (ek dink dis wonderlike diere), maar ‘n hond kan nie versorg word soos wat ek kan akkomodeer op my erf nie. ‘n Kat wel en kyk net na haar toewyding wanneer ek werk. Sy vertrou my! Ek kan nie onthou watter bonsai ek mee besig was op die internet nie, hoewel ek dink dat dit my PowerPoint vir Shibui oor Literati was. Literati-bonsai. Penjing. ‘n Vreemde wêreld en goeie Literati-bonsai gryp jou aan.



Terug na feë. *“Feëverhale is stories van triomf en transformasie en ware liefde, alles goed waarin ek opreg glo”* sê Kate Forsyth en James M Barrie glo dat *“elke keer dat ‘n kind sê dat hy/sy nie in feë glo nie, is daar êrens ‘n feëtjie wat doodgaan”*.

Groete,

Pieter Loubser

NS.

‘n Feëverhaal! Sien jy hulle doer agter? Charles het.



## Vergadering van 3 Desember 2016

Dit was ons afsluiting vir die jaar, en soos ander jare het ons net aan bome gewerk en natuurlik gebräai, heerlijk geheet en heerlijk saam gekuier.



## Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As

### Wat doen ons in Januarie en Februarie?

Hierdie is van ons warmste maande en watertoediening bly ons hoofsaak tot aan die einde van die somer. In ekstreme son moet die meer sensitiewe bome beskerm word teen die skroei van blare. Skuif hierdie bome na meer skaduryke areas. Bome in vlak en kleinerige potte mag twee maal per dag water nodig hê aangesien hulle vinniger uitloog. Hou aan om lang lote te snoei. Bome wat hard teruggesnoei word moet ook in skaduryke areas geplaas word. Gaan takkies na wat gedurende laat winter en die lente bedraad is. Verwyder bedrading voordat littekens vorm. Nuwe bedrading kan egter nog steeds gedoen word maar wees bedag daarop om nie onverharde hout te beskadig deur die bas en kambium af te skraap nie. Die draad kan ook maklik insny aangesien die bome steeds verdik. Voeding is steeds belangrik en vloeibare voedingstowwe kan 'n goeie idee wees. Die toediening van bemesting kan teen Februarie verminder word aangesien dit nie meer nodig is om groei aan te moedig nie. Hou 'n oog op peste soos plantluise, ruspes en witvlieë wat nou aktief is en behandel vroegtydig. In droë weersomstandighede kan die loof van bome wat onder rooispinnekop deurloop ook natgemaak word. Dit is 'n effektiewe manier om van die pes-telensies ontslae te raak.



#### Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maks temperatuur (°C)	Gemiddelde min temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
Januarie	29	18	8	14	101-200mm
Februarie	28	17	8	11	61-100mm

Bron: <http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm>

*Francois van As*



## Snippets

### Our Environment.

Most of us are on holiday over a large portion of December and January. That means you are not as rushed as during working months and have more time for yourself.

Attempt to walk, or if you have a bicycle, cycle to places that is not too far from where you want to go. It is good for your health, your wallet and the environment. Your car releases a lot of carbon dioxide into the atmosphere which will not be the case if you walk or cycle.



### Inspiration from nature

Trees have the ability to survive the onslaught of nature, such as fire, droughts, animals etc.

About 20 years ago I took a photo of an Acacia tree on Van Reenen's pass (photo below left). The tree was badly damaged by a veld fire. About two years ago I drove down the same road and saw the same tree. He has recovered remarkably and is actually a beautiful tree full of character.



Hoeveel blare was aan die Natal vy? **2013!! (Twee duisend en dertien)** Kan jy glo?

